

Inhoud Hierdie preek wys dat Christus ons vandag saam met Hom laat leef deur geloof, liefde en hoop. Geloof, liefde en hoop gaan net oor liefde: geloof in die liefde van die Here wat vir ons gestraf is en nie gaan veroordeel nie, met die gawe van liefde wat die Here reg en goed laat wees al is dit vol foute en tekortkominge en met die hoop dat hierdie liefde van God vir ons en ons liefde vir Hom, ewig sal wees deur ons opstanding uit die dood, om weer vir altyd met God te wees. In ongeloof leef mense in die verlies van hierdie teenwoordige liefde en soek daarom deur afgodsdienste, wellustige seks en dronkenskap verlore liefdes in die verlede of afwesige liefdes van vandag in die toekoms. Christene se lewe in geloof, liefde en hoop laat hulle leef met 'n voltooide verlede, 'n verwagting van die toekoms in die werklikheid van vandag se vervulde liefde.

Skriflesing 1 Thessalonisense 1: 1-5, 8 – 10; 5: 4 – 11.

Teks 1 Thes. 5: 10 Hy wat ter wille van ons gesterf het, sodat ons, of ons wakker is of slaap, saam met Hom kan leef.

Tema Christus laat ons in voltooide werklike en volkome liefde leef

1. Niks is ooit regtig reg nie. Niks is ooit regtig goed nie. Dit is die onderliggende lewensgevoel wat Paulus in hierdie brief aanspreek deur die evangelie. Hierdie lewenshouding en lewensgevoel – niks is regtig reg of goed nie – wys Paulus uit in twee soorte wangedra in die gemeenskap.

Die een is sedeloosheid in hoofstuk 4 in sy oproep dat hulle hul van sedeloosheid moet weerhou, nie wellustig moet leef nie en dat elkeen my sy eie vrou eerbaar moet leef.

Die ander is dronkenskap in hoofstuk 5. Hy roep die gemeente op om nie hulle self dronk te drink nie maar waaksaam en sober te leef.

2. Wat hierdie mense in seks en drank soek kom uit hul heidense lewe waaruit hul kort van te vore tot bekering gekom het volgens hoofstuk 1 vers 9: “Daardie mense vertel ... hoe julle teruggedraai het na god toe, weg van die afgode, om die ware God te dien,”

Hulle soek soos alle heidene in seks en drank die lewensgevoel: “Alles is reg en goed, my lewe is reg en goed.” Dit is wat losbandige seks vir hulle moet gee: die gevoel my lewe is reg en goed. Dit is wat dronkwees hulle moet gee: die lewensgevoel alles is reg en goed.

Christus laat ons in voltooide werklike en volkome liefde leef

Paulus noem hierdie versugting en soek na 'n gevoel van reg en goed in seks en drank "om in die duisternis te leef." Dit beteken nie om letterlik nagwolwe te wees nie, so asof hierdie versugting en soek net in die nag bevredig kan word nie.

Dit beteken om niks van jou eie regte, werklike lewe te kan raaksien of deel van jou eie regte werklike lewe te kan voel of wees nie.

Hoekom nie? Wat gee aan ons lewe hierdie kwaliteit: dit is reg en goed! Dit is liefde. Net liefde kan hierdie lewensgevoel gee: my lewe is reg, my lewe is goed.

Ongelowiges soek hierdie lewensgevoel wat liefde ons gee in drank en seks omdat die liefde vir hulle ontbreek.

3. Die versugting en soeke na 'n aanvoeling dat my lewe reg en goed is in seks en drank, bevestig egter net juis die teendeel: die troosteloosheid en wanhoop dat my lewe net nooit regtig reg en goed voel nie.

Teenoor hierdie lewensaanvoeling dat niks is ooit regtig reg nie stel Paulus die vrug en krag van die evangelie met drie woorde opgesom: geloof, hoop en liefde!

Hierdie is die eerste brief wat ons het wat Paulus geskryf het en is ook die oudste manuskrip in die Nuwe Testament. Dit is deur Paulus geskryf vanuit die stad Korinte aan die pasgestigte gemeente Tessalonisense deur die evangelieprediking van Paulus. Reeds in hierdie brief som Paulus die hele Christelike lewe in en met Christus op met hierdie drie woorde: geloof, hoop en liefde. In hoofstuk 1 stel hy dit volgens die Direkte Afrikaanse Vertaling as 1. die werking van julle geloof, die moeitevolle arbeid van julle liefde en die volharding van julle hoop.

In hoofstuk 5 herhaal Paulus hierdie opsomming van die lewe in Christus met die beeld van wapenrusting en noem geloof en liefde ons borsharnas, in vandag se taal sal dit ons koeëlvaste baadjies wees, en hoop ons helm.

In al Paulus se briewe hierna word die nuwe lewenswyse in en met Christus opgesom in die woorde geloof en liefde of geloof, hoop en liefde en bou Paulus dit volledig uit in gedeeltes soos 1 Kor. 13 en Efesiërs 6 verse 10 – 17.

4. Hierdie woorde, geloof, hoop en liefde, is die volle samevatting van die gemeenskap en lewe met en in Christus volgens ons teks vers: "Hy wat ter wille van ons gesterf het, sodat ons, of ons wakker is of slaap, saam met Hom kan leef." (1 Thes. 5:10)

Die woord geloof is die samevatting van die volkome liefde wat die Here Jesus Christus vir ons het en by insluit deur sy verslossingswerk waar Hy al ons sonde van die verlede, hede en toekoms op Hom neem en verreken.

Christus laat ons in voltooide werklike en volkome liefde leef

Ons geloof is altyd geloof in die liefde van God in en deur Jesus Christus. Dit is altyd geloof in die evangelie van God se liefde vir ons. Daarom verklaar Paulus dat in Christus is ons nie bestem vir straf nie (5:9), maar bestem vir die volkome liefde van God.

Die woord “liefde”, beskryf die liefde wat Christus in ons deur die evangelie van sy sterwe en opstanding in ons wek. Die liefde van Hom wat ter wille van ons gesterf het sodat ons saam met Hom in sy liefde kan leef. Hierdie liefde wat die Here in ons wek deur sy liefde, laat Hy as Here vir Hom volmaakte, smetlose en onberispelike liefde wees, ten spyte van al die gebreke, onvolkomenhede en foute in ons liefde. (Kolossense 1: 22) Christus se sterwe en opstanding gee aan die liefde wat Hy in ons wek vir God die kwaliteit dat dit reg, goed, volkome en sonder foute is. Dit is die liefde wat Paulus van praat wanneer hy die lewe in Christus opsom met die woord “liefde”.

Met die woord “hoop” som Paulus die lewe op waarin ons deel gaan wees van die opstanding van ons liggaam uit die dood uit net soos die Here as mens uit die dood opgestaan het om vir altyd mens na liggaam, siel en gees te wees. In ons opstanding uit die dood om weer mens te wees, leef ons in die hoop dat ons liefde nooit verlore sal gaan nie, maar deel is van die ewige lewe saam met die Here wat ons nou reeds hier met Hom leef.

In hierdie drie woorde gaan dit elke keer oor liefde: geloof gaan oor vertroue in die Here se liefde, liefde gaan oor die gawe dat ons liefde vir die Here reg en heilig gemaak word en hoop gaan oor liefde wat nie deur die mag van die dood verlore sal gaan nie.

5. Paulus roep die gelowiges in Tessalonisense op om geloof, hoop en liefde as wapenrusting op te neem. Hulle moet geloof in God se liefde en hulle liefde as gawe van God aantrek as hul borsharnas, en hulle moet die hoop op volkome liefde wat nooit sal ophou nie, ook nie in en deur die dood nie, aantrek as hul helm.

Hierdie lewe met Christus in geloof, liefde en hoop plaas ons in die volgende posisie: in 'n voltooide verlede, 'n uitgestelde toekoms en 'n werklike teenwoordigheid.

Christus se liefde vir ons deur sy lyding en opstanding maak dat daar geen sonde in die verlede is tussen ons en God wat ons self moet reg maak nie. Christus het vir alle sondes wat ons doen gesterf, en vir alle oortredings is daar geen veroordeling in die hede of toekoms nie. (5: 9, 10) Met al ons foute en tekortkomings is die verlede daarom vir ons 'n verlede van voltooide liefde. Christus laat sy liefde van gister en die liefde wat ons gister gegee het, met al ons foute en tekortkomings, voltooide liefde wees. Daarom is daar nie onervulde liefde in die verlede wat ons na moet terug gaan nie.

Christus laat ons in voltooide werklike en volkome liefde leef

Christus se liefde stel ons binne 'n uitgestelde toekoms, wat die toekoms bly tot Hy weer kom. Omdat die toekoms sy koms is, hoop ons op die volkome liefde waarin Hy alles vir alles sal laat wees. In hierdie hoop kan geen liefde vir die toekoms verlore wees nie.

Christus se liefde is vandag vir ons werklik teenwoordig. Ons leef nie in 'n liefde van die verlede of in die toekoms nie, maar saam met Hom vandag in die liefde wat Hy vandag vir ons het, en ons liefde sat Hy vandag vir Hom reg en goed laat wees. Dit is die karakter van liefde – dit is die werklikheid van vandag, nie 'n versugting na die verlede of 'n soeke na die toekoms nie.

6. Wie nie in hierdie werklike teenwoordige, voltooide liefde van gister en volkome liefde wat kom, saam met Christus leef nie, leef in die troosteloosheid en hopeloosheid dat niks kan ooit regtig reg en goed wees nie, nie gister vandag of more nie.

Dit is die leemte waarin mense met seks en drank die verlore liefde van die verlede probeer terugkry of die om afwesige liefde in teenwoordigheid in die toekoms te probeer vind – die liefde wat eendag sal wees.

Want vandag is en kan nooit reg en goed wees nie! Vandag is nooit die tyd van teenwoordige liefde nie, want in alle ongeloof is vandag die tyd vir mag, nie liefde nie.

Liefde wat mag is, is altyd besig met die herwinning van die liefde van die verlede of die uitreik na liefde wat eendag sal wees. Dit is wat ongelowiges baie keer in seks en drank so – verlore of toekomstige liefde vir die liefde wat nie vandag mag en nie werklike is nie.

7. Paulus roep die gelowiges op om wakker en nugter in die lig te leef.

Wakker om vandag liefde te gee en te ontvang in die lewe saam met Christus en nugter om liefde te kan gee en ontvang in die lewe saam met Christus. Dit is 'n oproep om in die voltooide, werklike en volkome liefde van die Here te leef.

Daar is nie regtig ten opsigte van die versugting van liefde in die verlede of die waan van 'n toekomstige liefde in die magsdrif van vandag 'n verskil tussen afgodsdienste, wellustige seks en dronkenskap nie.

Hierdie gelowiges het volgens Paulus in 1 Thessalonisense 1: 9 en 10 hulle weggekeer van hul afgode en tot God bekeer deur hulle geloof in Jesus Christus met wie hulle nou as die lewende Here vandag saam leef en verwag om hul finaal te kom verlos.

Christus laat ons in voltooide werklike en volkome liefde leef

Afgodsdien se kern is juis om mag as liefde te wil uitleef volgens Romeine 1: 18 – 32. Daarom glo mense dat die pervershede van mag is werklike liefde, maar in hierdie perversheid van mag as liefde, is die liefde vir hulle verlore.

8. Daarom is dit kenmerkend van alle afgodsdien om altyd te probeer om die verlore liefde van gister terug te kry.

Dit is die bedoeling van al hul sondebelydenisse, jammerlikhede oor die sondes van die verlede en hulle poging om vandag te vergoed vir die sondes van die verlede. Hulle probeer die verlore liefde van gister vandag reg en goed maak.

Ons kan nie vandag só saam met die Here Jesus Christus leef nie. Vir elke gelowige het Jesus Christus al die sondes van gister vergoed deur vir daardie sondes gestraf te word. Gister was die Here besig om my liefde met al sy foute, gebreke en onvolkomenhede, vir Hom reg, goed, heilig en smetloos te maak. (Kol.1: 21 – 23) Daarom is gister in die geloof en liefde die verlede. Die verlede van voltooide liefde waarin die Here met wie ek leef niks on vervuld laat wees nie.

Dit is net so kenmerkend van afgodsdien om mense te rig om na die liefde te soek wat eendag sal wees en nie vandag is nie. Daarom word die hemel eendag, nie vandag nie, opgetower in waanbeelde in 'n geluksaligheid waarin liefde eendag sal wees. Dit skep geestelikes omdat hulle daarmee die werklikheid van vandag voorhou as 'n lewende hel van ellende en rampspoed wat ons net moet oorleef in die verwagting van 'n liefde in die toekoms of om vandag weg te raak in die geluksaligheid van die hemel vandag

Gelowiges kan nie vandag só saam met Jesus Christus as die Here leef nie. Ons leef in 'n uitgestelde toekoms waar die liefde vandag deel is van die lewe met die Here in die toekoms. Daarom is elke oomblik vandag in 'n liefde wat deel is van die ewige lewe wat ons nou hier reeds leef. Christus met wie ons vandag saamleef maak vandag vervulde teenwoordige liefde.

9. Dit is die hart van alle afgodsdienste in die geestelikheid van vandag: niks kan nou reg en goed wees nie. Daarom is afgodsdien net 'n variasie van die versugtinge en soeke van ongelowiges in seks en drank – die versugting en soeke na verlore en toekomstige liefde in die magspel van vandag!

Paulus se oproep om geloof, liefde en hoop as wapenrusting op te neem, is nie 'n oproep van vyandiggesindheid en oorlogvoering teen die wêreld wat God gemaak het en elke dag bestuur nie. Dit is nie 'n oproep van vyandigheid en oorlogvoering teen ons lewe as mense binne God se skepping nie.

Christus laat ons in voltooide werklike en volkome liefde leef

Die oproep om geloof in die Here se liefde, die gawe van liefde wat Christus se liefde skep en die hoop op liefde wat altyd deel is van 'n volkome toekoms, is die oproep in juis in die werklike liefde van die Here as Skepper in sy skepping te leef vandag.

Dit is die oproep in die lewe in ons vereniging met die Here vandag as goed en reg te ervaar. Vandag is nog 'n dag wat goed en reg is in my lewe saam met die Here wat my in sy skepping vandag mens met Hom laat wees.

10. In ons lewe elke dag met die Here, kan ons nie in die verlede gaan leef omdat ons glo dat ons vandag die verlede goed en reg kan maak om verlore liefdes te herwin nie.

In ons lewe elke dag saam met die Here kan ons nie vandag ontvlug om in hemelse ervaringe die toekoms vandag teenwoordig te wil maak, omdat die teenwoordige lewe vir ons net nie reg en goed kan wees nie.

In geloof, liefde en hoop leef ons vandag in die lewe wat vir ons saam met die Here goed en reg is, leef ons in die voltooidheid van die liefdes wat gister wat Hy vervuld laat wees, en leef ons met die sekerheid dat die liefde wat vandag weer goed en reg gaan wees, is deel van die volkomenheid van 'n liefde wat ewig is.

Daarom raak ons nie in die geestelike versugtinge van gister en môre verlore vir vandag met boetedoenings en waanbeelde nie, en soek ons ook nie verlore of toekomstige liefdes vandag in afgodsdienste, seks en drank nie.

Ons leef vandag in die werklik liefde van die Here wat gister voltooi het en wat Hy in die toekoms ewig sal laat wees.

.